Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

## Kommunikasie van die Raad

Woensdag (1 Oktober) was 'n geskiedkundige mylpaal vir die Universiteit Stellenbosch (US) met die formele inhuldiging van prof Deresh Ramjugernath as ons 13de Rektor en Visekanselier en is met 'n wonderlike reeks geleenthede gevier.

Soos ek by die formele plegtigheid opgemerk het, het prof Deresh groot strategiese doelwitte en hoewel daar baie werk voorlê, is die pad vorentoe duidelik uitgestip. In hierdie uiters gespanne makro-ekonomiese omgewing waardeur die US sy pad moet vind, staan die Raad stewig langs ons Rektor. Ons sal oorsig uitoefen en aanspreeklikheid handhaaf en ons sal ondersteun, aanmoedig en moed inpraat. Die sukses van prof Deresh se ampstermyn sal in die sukses van elke student, van elke personeellid en in die bereiking van sy kragtige visie vir die Universiteit gesien word.

Die Raad het 'n vol program gehad toe hulle op 29 September vir hulle kwartaal 3-vergadering byeengekom het – en die Rektor was eerste op die agenda met die jongste, belangrike nuus oor die volgende sake:

- **Die strategiese beplanningsproses vir die volgende vyf jaar:** Werk is goed op dreef en die Raad verwag om dit by hulle jaareindvergadering af te teken.
- **Die gepaardgaande voorgestelde strukturele herbelynings op bestuursvlak om beter lewering van die strategiese planne moontlik te maak:** Die Raad het die rigting van bestuursherbelynings goedgekeur. Daar moet nog formele konsultasie oor sommige rolle plaasvind en onderhewig hieraan sal die formele werwingsprosesse begin. Raadslede stem saam oor die belangrikheid daarvan om al die nodige senior leierskaprolle as 'n kwessie van prioriteit in plek te stel.
- **NSFAS-finansieringstres en ondersteuning vir NSFAS en "verlore middel"-studente:** Die Universiteit het aansienlike pogings aangewend om kritieke finansiering en allesomvattende ondersteuning te bied en hiervoor is die vennootskap met skenkers van uiterste belang. Die Raad het die verskaffing van kollateraal vir bankfinansiering aan finalejaar- (insluitende graduerende) studente goedgekeur, onderhewig aan

bankgoedkeuring. Sodra die fynere besonderhede met die betrokke banke gefinaliseer is, sal meer inligting deur die waarnemende Bedryfshoof bekendgemaak word.

- **Vordering met die verbetering van die US se Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtigingstatus vanaf sy huidige vlak 8:** Die Rektoraat werk daaraan om vanjaar vlak 5 te bereik en dit in 2026 te verbeter. Die Universiteit se BGSEB-vlak is reeds van toenemende belang vir belanghebbendes wat dit oorweeg wanneer hulle hul keuse van akademiese instelling evalueer om mee saam te werk. Om dit te verbeter, sal dit die gefokusde aandag van alle verantwoordelikheidsentrums en fakulteite verg.
- **Die voortgesette aandag aan die ontwikkeling van nuwe bronne van inkomste, vennootskappe en innovasie:** Dit het natuurlik van groter belang geword, gegewe die druk op tradisionele vorms van inkomste. Dit, asook gelde- en salarisverhogings en omsigtige uitgawebestuur sal van uiterste belang wees vir die langtermyn- finansiële volhoubaarheid van die US en sal later vanjaar 'n belangrike deel van die Raadsbespreking oor die Universiteit se 2026-begroting uitmaak.

Die Raad het 'n goeie gesprek met die Ombud gehad oor die temas wat sy geïdentifiseer het uit sake wat haar kantoor in die eerste ses maande van vanjaar hanteer het. Baie hiervan hou met studentefinansieringnavrae verband. Dit was vir die Raad bemoedigend dat die waarnemende Bedryfshoof, prof Nicola Smit, oor 'n aantal inisiatiewe kon verslag doen wat die afgelope weke in werking gestel is, insluitende die aanstelling van voltydse en tydelike hulpbronne, om hierdie kwessies vinniger op te los. Almal stem saam oor die belangrikheid daarvan om die agterstand met navrae as 'n saak van prioriteit uit te wis en ek wil graag diegene bedank wat so hard werk om dit moontlik te maak.

'n Volledige verslag oor die gebruik van Afrikaans by die US het ook voor die Raad gedien en dit is duidelik hoeveel moeite en hulpbronne hieraan bestee word. Die verslag het 'n konstruktiewe gesprek oor intensionaliteit en die persepsie van belanghebbendes moontlik gemaak. Die meertaligheid by die Rektor se inhuldiging was opmerklik.

Die komende inwerkingstelling van die Prestasiebevorderingsraamwerk, wat in Januarie 2026 'n aanvang neem, is as 'n groot prioriteit vir die instelling uitgewys met die Raad wat die aandrywing en beloning van uitnemendheid ten sterkste ondersteun, terwyl hulle ook op die belangrikheid daarvan gewys het om dit as 'n oomblik van verandering vir personeel te bestuur.

Die Raad het die IKT-aanvaarbare gebruiksbeleid, die Nadoktorale Navorsingsgenootskapbeleid, die Institusionele Reël vir Botsing van Belange en die Reël vir Finansiële Botsing van Belange vir Navorsing uitgevoer onder die Verenigde State se Toelaes of Ooreenkomste vir Openbare Gesondheidsdienste goedgekeur. Prof Juanita Pienaar, waarnemende Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid, het vir laasgenoemde bespreking by die Raad aangesluit en hulle het die bespreking oor die wisselwerking tussen die beleid en akademiese vryheid waardeer.

Die Raad het die toekenning van 'n aantal eregrade goedgekeur wat by komende gradeplegtighede toegeken sal word. Dit is altyd 'n spesiale geleentheid om erkenning aan mense te gee wat die buitengewone bereik het – een van my gunstelingraadsitems! Besonderhede van hierdie grade sal mettertyd bekend gemaak word.

Daar was verskeie verslae van Universiteits- en Raadstrukture, insluitende van die Senaat waar die Raad nuwe akademiese aanbiedinge goedgekeur het.

Ons het ook dr Tsietsi Jacob Medupe – een van twee nuwe ministeriële aanstellings – by die Raad verwelkom, asook as twee tussentydse lede van die Studenteraad, Asanda Vilakazi en Natalie Nortje. Ons sien uit na hulle bydraes.

Terwyl ons deur die laaste kwartaal van die jaar beweeg, is ek bewus van die reusevoorreg wat ons het om ons spesiale Universiteit te lei, asook om daarby betrokke te wees en te studeer. Daar is groot winde in ons ruimte en groot geleenthede wat voorlê. Ek dink dit is 'n tyd om bedag te wees op die onsekerheid wat met verandering gepaard gaan. Om prof Deresh se kragtige visie te verwesenlik, het ons sterk vennootskappe met belanghebbendes nodig en ons moenie ons posisie of die ondersteuning van enige van ons belanghebbers as vanselfsprekend aanvaar nie. Ek en die Raad sien daarna uit om saam met julle almal te werk om daardie ondersteuning te konsolideer.

Vriendelike groete
**Nicky Newton-King**
**Raadsvoorsitter**